

Brabeck-Letmathe het verder gesê dat die groeiende middelklas in gevorderde ontwikkelende lande en die toenemende gebruik van vleis groot druk sal plaas op die waterbronne wat al hoe minder raak. Een liter water word benodig vir een kalorie plantgewas en tien liter water vir die produksie van een kalorie vleis. Dit beteken dat die verdubbeling van kosproduksie nie volhoubaar sal wees indien daar nie drastiese veranderinge in die waterverbruik in die landbou kom nie. 'n Toename in watertekorte kan verder 'n jaarlikse graanverlies van 30% meebring van dít wat tans wêreldwyd verbruik word.

Brabeck-Letmathe het wêreldleiers ook afgeraai om voedselgewasse vir die produksie van biobrandstof te gebruik. Volgens hom word 21,4% van die wêreld se suiker- en 15% van die wêreld se mielieproduksie vir biobrandstof gebruik. Volgens die Groepverslag oor Waterhulpbronne is die produksie van energie die grootste industriële gebruiker van water, en om energieproduksie uit te brei, sal meer vars water benodig word.

Energie

Amerika se vraag na energie sal na raming teen 2030 met 40% styg. Dié land se geologiese opname toon die mynweese en die nutsbedryf onttrek jaarliks tot sowat 284 triljoen liter water om die 1 biljoen ton steenkool te produseer en te verbrand wat jaarliks deur Amerikaners verbruik word. Dit is gelykstaande aan sowat die helfte van alle vars water wat tans in Amerika onttrek word. 'n Styging van 40% in die vraag na energie deur van die huidige energiestelsels gebruik te maak, beteken 'n reuse-styging in die gebruik van vars water.

Volgens die Internasionale Energieagentskap sal meer as 75% van die toename in energieverbruik van 2007 tot 2030 met fossielbrandstof, veral steenkool, bereik word. Die gevolg is dat hierdie kweekhuisgasvrystellings teen 2050 kan lei tot 'n konsentrasie van koolstof in die atmosfeer wat meer as dubbeld soveel is as waarna wêreldwyd gestrewe word.

Die verslag wys ook daarop dat hidrokrag teen 2030 die wêreld se dominante hernieubare energiebron sal word. Dit sal meer as twee keer die hoeveelheid energie as sy naaste mededinger, windenergie, bied.

Maar hernieubare energie kan ook 'n groot impak op waterhulpbronne hê.



Me. Tina Joemat-Pettersson

Die onttrekking van skaliegas is ook baie waterintensief en die gevaar bestaan dat watergehalte in die proses beïnvloed kan word.

Die agentskap voorspel verder dat minstens 5% van die voertuie in die wêreld teen 2030 van biobrandstof gebruik sal maak. Dit is meer as 3,2 miljoen vate biobrandstof per dag. Dit kan egter van 20% tot 100% van die hoeveelheid water verg wat tans wêreldwyd vir die landbou gebruik word om hierdie brandstof te vervaardig.

Dit is duidelik 'n onvolhoubare kompromis ten opsigte van waterverbruik én grondgebruik as gewasse gekweek word vir brandstof pleks van voedsel.

Voedselsekerheid

Hoë kospryse bemoeliek reeds die lewe verder vir Afrika se armstes, wat tot 80% van hul inkomste aan kos bestee. Met verminderde toegang tot kos en die toename in die blootstelling aan die seisoenale wisseling van plaaslike kospryse en markte word hierdie huishoudings gedwing om goedkooper kos, wat dikwels minder voedsaam is, te koop.

Die *Africa Progress Report* vir 2011 dui aan dat die aantal mense op die kontinent wat honger ly, reeds lank voor die prysstyging aan die toeneem was. Dit is 'n aanduiding dat nie prysstyging nie, maar eerder chroniese en strukturele probleme, die oorsaak van hongersnood is.

Die hernieude voorkoms van voedselverwante krisisse oor die laaste paar jaar het die internasionale fokus op die tragiese toestand van voedselsekerheid in Afrika geplaas. Heelwat ondersteunende inisiatiewe het die lig gesien, soos die G8-lande

se LAquila-voedselsekerheid-inisiatief, die Internasionale Landbou-en-voedselsekerheidsprogram en die Wêreldbank se Internasionale Voedselkrisis-reaksieprogram.

As voorsitter van die G20 het Frankryk ook voedselsekerheid geprioritiseer. Met die G20-beraad wat November in Frankryk plaasvind, word daar vir die eerste keer beoog dat die groep se landbouministers voor die aanvang van die beraad sal vergader.

Intussen is praktiese pogings om landbouproduksie te verhoog besig om resultate in baie lande op te lewer, insluitend Malawi, Mali, Mosambiek en Tanzanië. Internasionale steun en vennootskappe, soos die Alliansie vir 'n Groen Revolusie in Afrika (Agra), het regerings gehelp om produksie te verhoog. Metodes wat gebruik is om dit te vermag, sluit in die gebruik van

Minstens 5% van voertuie in die wêreld sal teen 2030 biobrandstof gebruik.

'n verskeidenheid hoë-opbrengsgewasse en verbeterde tegnieke, soos die mikrodoosering van kunsmis en drupbesproeiing, verhoogde toegang tot verbeterde produksiemiddele, krediet en verbeterde markte en inligting.

Die Suid-Afrikaanse Regering het die laaste paar jaar baie groter klem op die ontwikkeling van die kleinboer geplaas. Die *Africa Progress Report* dui ook aan dat dié boere die sleutel tot die kontinent se voedselsekerheid is en dat daar gepaardgaande hiermee 'n sterker klem op stapelvoedselgewasse moet kom. Beter en sterker vennootskappe moet ook gesmee word sodat die landbou saam met die res van die ekonomie kan ontwikkel.

Me. Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, was deel van 'n paneelbespreking oor 'n nuwe beleggingsparadigma vir die landbou in Afrika. Sy het daarop gewys dat kleinskaalse boerdery – nes kommersiële boerdery – as 'n besigheid gesien moet word en nie as liefdadigheid nie. As aansporings moet daar markte vir boere geskep word. Sy het daarop gewys dat dit juis vanweë vennootskappe is dat die landbou sterker, klimaatspesifiek en doeltreffender geword het.